IB DIPLOMA PROGRAMME
PROGRAMME DU DIPLÔME DU BI
PROGRAMA DEL DIPLOMA DEL BI

**AFRIKAANS B – STANDARD LEVEL – PAPER 1**
**AFRIKAANS B – NIVEAU MOYEN – ÉPREUVE 1**
**AFRIKAANS B – NIVEL MEDIO – PRUEBA 1**

Monday 4 November 2002 (morning)
Lundi 4 novembre 2002 (matin)
Lunes 4 de noviembre de 2002 (mañana)

1 h 30 m

---

TEXT BOOKLET – INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this booklet until instructed to do so.
- This booklet contains all of the texts required for Paper 1 (Text handling).
- Answer the questions in the Question and Answer Booklet provided.

LIVRET DE TEXTES – INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- Ne pas ouvrir ce livret avant d’y être autorisé.
- Ce livret contient tous les textes nécessaires à l’épreuve 1 (Lecture interactive).
- Répondre à toutes les questions dans le livret de questions et réponses.

CUADERNO DE TEXTOS – INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra este cuaderno hasta que se lo autoricen.
- Este cuaderno contiene todos los textos requeridos para la Prueba 1 (Manejo y comprensión de textos).
- Conteste todas las preguntas en el cuaderno de preguntas y respuestas.

Blank page
Página en blanco
Page vierge

**TEKS A**

# ATKV

## Ons gee kultuur vrye teuels




### LIDMAATSKAP VOORDELE LAAT ATKV-LIDMAATSKAP BLOM!

Die ATKV ontvang maandeliks honderde aansoeke vir lidmaatskap van mense wat dit geniet om in te skakel by 'n organisasie wat sê dat kultuur heeltemal te wyd is vir engtevrees! Boonop bied ATKV-lidmaatskap van bietjie meer as R1 per dag ook 'n mandjievol aantreklike voordele, waaronder:

- Heerlike korting op huisvesting of kampering by die vyf ATKV-oorde.
- Verstommende besparing op korttermynversekering.
- 'n Bedrag van R5 000 is beskikbaar vir 'n studielening teen 3% rente.
- R10 000 ongeluksdekking vir sterfte terwyl openbare vervoer gebruik is tydens 'n internasionale reis.
- Lekkerlees-kultuurnuus wanneer ***Die Taalgenoot*** tien keer per jaar in jou posbus beland, asook een gratis boek van LAPA Uitgewers per jaar.
- Nota vir lede: dis wat jy in jou sak steek as jy 'n ATKV-lid werf!
- Dan is daar ook verdere goeie nuus rondom skoolhulpfonds vir jou kind asook moontlike afslag op jou huisleningsverband.

### **KONTAK**BESONDERHEDE

Word moeitevry lid van die wêreld se enigste Afrikaanse kultuurfamilie!

Bel die Afdeling Ledesake by (011) 886–4888

- maklikbel 083 917 ATKV of kuier by www.atkv.org.za

**TEKS B**

# DRYF WEG OP DIE ORANJE

❶ Jy wil mos nie dink wanneer jy vakansie hou nie. Ek wil nie dink wat ek volgende moet doen nie – of saam met wie of hoe nie. Maar ek wil graag buite wees, by 'n nuwe buite-plek. Ek wil tussen mense wees, nuwe mense, en ek wil aktief wees. Maar net nie dink nie.

❷ Maande voor 2000 se einde het ek toe klaar daaroor gedink dat ek saam met so veertig ander, nuwe mense vir vyf dae op die Oranje-rivier wil gaan roei in opblaaskano's.

❸ Die lysie van moet-saamvatte was maar kort: swemgoed, stapgoed, warmding, slaapsak, paspoort, sonskerm, muskietgoed, eetgerei en "strops"[1] wat maar kan nat word. En drinkgoed. Báie daarvan – hitte is in dié wêreld gewaarborg. Wat jy drink, is natuurlik jou keuse…

❹ Vroegdag in Langstraat, Kaapstad, staan die veertig stuks van ons by die blou 4x4-lorrie rond – almal so tussen 21 en 35. Die blou lorrie van Umkulu River Adventures is bo verwagting gerieflik. Lekker musiek, almal 'n koue bier in die hand. Op die lang pad Vioolsdrif toe word af en toe gestop vir ys, drank, litte losmaak. Eers teen die aand is ons op die stofpad voor die Bushwacked-kamp, nog aan die Suid-Afrikaanse kant. Teen hierdie tyd is almal dik pêlle.

❺ Die kamp is goed ingerig, selfs warm storte terwyl jy oor die geel water van die Oranje uitkyk. Ons hang by die vuur rond waar die gidse die wonderlikste kos optower – en dis nie net die eerste aand se ding nie. Hulle hou nie terug nie, nie eens vir vegetariërs nie. Ons kuier tot laat in die boskroeg, sing saam met 'n paar kitare.

❻ Elke oggend ná 'n nagrus in doodse, doodse stilte onder die sterre, maak die son jou in die somer slap ná vyf wakker. Jy skud die sand uit jou slaapsak en sit 'n stewige ontbyt in – ons praat nou wors en eiers – en pak die kano's. Twee mense saam in een.

❼ Die roeiery sal ek nou nie juis met voorbereiding vir die Duzi vergelyk nie en jou roeikennis kan maar beperk wees. Hoe hard jy gaan roei, het te doen met hoe hoog die watervlak is en hoe erg die wind waai.

❽ Vir ons was dit 'n dryftrippie[2]. Swem 'n bietjie, staar na die kaal, warm rotsformasies van die Richtersveld, waai vir die werkers in die landerye, speel speletjies, stap 'n ent, lê rond, sit saans langs die vuur en klets, en drink tussendeur 'n ou biertjie.

❾ Die perfekte vakansie as jy net 'n paar dae verlof het en jy wil heeltemal afskakel.


---

[1] sandale vir die buitelewe

[2] uitstappie

## WERD OM TE WEET

- Jy kan self tot by Vioolsdrif- grensbasis op die N7 tussen Namibië en Suid-Afrika ry en daar by die groep aansluit, maar dis meer sosiaal om van Kaapstad af saam met die groep te ry.
- Geen visums is nodig vir Suid-Afrikaners nie, maar paspoorte wel. Jy kamp heeltyd aan die Namibiese kant. Onthou ook sonskerm, drinkgoed, 'n hoed, 'n flits en jou kamera.
- Die sesdag-ekskursie begin by Vioolsdrif en volg die Oranjerivier vir 80 km seewaarts deur die Richtersveld Woestynreservaat. Ná ses dae word jy teruggery Vioolsdrif toe.
- Bel Umkulu River Adventures by (021) 853-7952 of (082) 575-3844 of stuur e-pos na umkulu@iafrica.com om te bespreek. Jou toer-geld sluit vervoer, etes, gidse, kampgeld en roei-toerusting in.



**TEKS C**

# LOOPBANE VIR DIE TOEKOMS

❶ Voor jy bedruk begin raak omdat almal sê daar is nie werk nie…

❷ Al ooit daaraan gedink om bestuurder van ’n virtuele vriendskapsklub te word? Wat van ’n waterstofjoggie? (Dis nou sodra navorsers waterstof omskakel in brandstof – hulle wérk daaraan.) Dalk is jy lus vir ’n kursus in somatologie (die wetenskap van die liggaam). ’n Paar Suid-Afrikaners met dié studie-agtergrond het onlangs goed geld verdien toe hulle vier prinse in Saoedi-Arabië, wat baie ingestel is op higiëne, met behandelings pamperlang het.

❸ Die moontlikhede is so wyd soos jou verbeelding én entoesiasme. Dit verander teen ’n enorme tempo, en elke rigting bied ’n magdom uitdagings, sê dr. Anita Louw, loopbaanontwikkelaar en voormalige hoof van die Loopbane Kantoor by die Universiteit van Stellenbosch. Maar al is die mark hoe plooibaar en dinamies, moet jy ’n paar basiese riglyne en tendense in ag neem, sê sy.

❹ Eerstens: gaan leer verder. ’n Onafhanklike verslag van WEFA, ’n maatskappy wat ekonomiese en konsultasiedienste aan ondernemings bied, toon net 6% van die sowat halfmiljoen matrikulante wat verlede jaar hul eksamen afgelê het, sal vanjaar werk in die formele en informele sektor kry. Wêreldwyd het jy ’n beter kans om die mark te betree as jy gestudeer het. Die vraag na werkers met naskoolse opleiding het met 2 028% toegeneem.

❺ Tweedens: Pak iets aan waarvoor jy ’n passie het. Jou persoonlikheid speel ’n groot rol. As jy bv. jou omgewing wil beheer, sal inligtingstegnologie jou frustreer. Maar iemand wat hou van verandering en nuwe uitdagings, floreer in die IT-wêreld, sê Anita.

❻ Derdens, en die belangrikste, is die antwoord op menige universiteitstudent se vraag: My punte is goed, maar ek kry nie werk nie.

❼ “Begin betyds netwerk, terwyl jy nog studeer. Gesels met werkgewers – hoe meer hoe beter. Stel vas watter vaardighede hulle vereis; leer ken jou bedryf. Doen deeltydse en vakansiewerk. Lank voor ’n bestuurder besluit om ’n pos te adverteer, word dit al in haar kop gevul deur iemand wat kom netwerk het. Sowat 70% van gegradueerdes kry werk deur die netwerkproses. Gebruik ses maande om te netwerk.

❽ “Stel vroeg vas hoe wyd jou opleiding toegepas kan word en wat jy moet doen om meer bemarkbaar te wees. Leierskap, spanwerk, kreatiwiteit en entrepreneurskap word hoog aangeslaan – ontwikkel dit. En as jy eers werk het, bestuur jou eie loopbaan. Dit gaan gereeld verander; beskou dit as ’n uitdaging.”

❾ Hoewel Anita sterk daaroor voel dat jy met genoeg passie in enige rigting sukses kan behaal, is daar tog sekere rigtings wat ongetwyfeld meer moontlikhede bied. Voorbeelde is die tersiêre sektor (dienste, bv. argitektuur, sakedienste, hotelle, kleinhandel, ouditkunde). Altesaam 80% van alle werkgeleenthede wat in die volgende vier jaar beskikbaar gaan word, sal in professionele en bestuursberoepe wees, aldus die 2000 Nasionale Plan vir Hoër Onderwys.

**ENTREPRENEURS**

❿ Suid-Afrika het kreatiewe entrepreneurs broodnodig. Anita reken ouers moet hul kinders die geleentheid gee om die eerste jaar of twee ***[ – voorbeeld – ]*** studie ’n verskeidenheid van werk te verken of om dalk ’n klein onderneming **[ – 22 – ]** die been te bring.

⓫ Ook kontrakwerk is ’n vreemde gedagte **[ – 23 – ]** ouer geslagte wat grootgeword het **[ – 24 – ]** die idee dat werksekuriteit die belangrikste **[ – 25 – ]** die keuse **[ – 26 – ]** ’n beroep is. Daar is talle beroepsgroepe wat deesdae baie kontrakwerk doen, soos ingenieurs, sekretaresses, rekenmeesters en menslike hulpbronbestuurders.

Blank page
Página en blanco
Page vierge

**TEKS D**

# ZULFAH OTTO-SALLIES

❶ Vir Zulfah Otto-Sallies, skrywer en bekroonde rolprent- en TV-regisseur, begin dit alles met 'n klein, eenvoudige storie. Oor gewone mense.

❷ Haar jongste kortfilm, *Raya* (sy was regisseur en mede-skrywer), een van net drie wat uit 'n groep vroueregisseurs van Afrika gekies is, is in Februarie vanjaar in Amerika uitgereik. Dis ook aan talle ander lande verkoop en sal in Mei in Suid-Afrikaanse teaters te sien wees.



❸ Zulfah put vir haar werk dikwels uit die Bo-Kaap, waar sy al woon vandat sy vyf jaar oud is. Ná haar troue het sy letterlik na net 'n straat laer verhuis – na die perspienk huis waar op 'n dag tot twintig kinders by haar eie drie, Muneera, Gasan en Junaid, kan kuier.

❹ Zulfah het toevallig in die vroeë negentigerjare begin skryf toe sy gehelp het met 'n skoolopvoering. Sy het die regie behartig en die storie, woorde en musiek geskryf. *Diekie vannie Bo-Kaap* het gou veel wyer uitgekring en is nog tot twee jaar daarna opgevoer. In 1997 is dit in boekvorm uitgegee.

**Watter boodskap wil jy met jou werk oordra?**

❺ Ek pak altyd die goed wat my aanraak – stories oor vroue, verskillende generasies. *Raya* gaan oor drie geslagte Moslem-vroue. Sekere sosiale kwessies trek my. Maar 'n mens moenie swaarmoedig daarin vasval nie, want ek dink ons land is nou al moeg daarvoor. Jy moet 'n bietjie humor hê.

❻ Ek het al gegroei tot 'n punt waar ek sulke stories op 'n ligte manier kan vertel. Mense moenie uitstap en swartgallig voel oor die lewe nie. Hulle moet vermaak word, maar steeds iets daarin sien wat meer is as net 'n storie.

**Tradisioneel doen Moslemvroue nie hul eie ding nie, veral nie so in die openbare oog nie. Hoe het jy dit reggekry?**

❼ Ná *Diekie vannie Bo-Kaap* het ek aanvanklik haatpos en telefoonoproepe gekry omdat 'n Maleiervrou mos nie sulke dinge aanpak nie. Ná *Rosa* het die gemeenskap al meer agter my begin staan. Maar daar sal seker altyd 'n handjievol mense wees wat afkeurend is.

❽ My man, Shahied, is self skeppend – hy is kameraman en skilder en hy verstaan 'n bietjie van wat ek wil en moet doen. Toe ek in Amsterdam gaan studeer het, het hy sowat ses maande (met 'n onderbreking) na die kinders gekyk. Vir hom los ek nooit! Ek maak ook byna nooit kos nie; hy kook heerlik. Hy sê alles wat ek maak, is so gou en met so min geduld berei, en dis waar! Hy moes ook maar mettertyd aanpas; hy is nie van nature liberaal nie.

❾ Veral in ons gemeenskap is mense gekondisioneer: dís die vrou se rol, dís die man s'n. Dit het tyd geneem, maar die laaste paar jaar het ek die soort ondersteuning waaroor ek nooit kon droom nie.

**Al voldoen jy nie aan die norm nie?**

⑩ Ja. Dis vir my belangrik dat vroue rolmodelle het wat wys jy kan 'n gesin hê en reis en studeer en dinge doen wat jy wil. Dis nie maklik nie, maar dis moontlik. Ons as ma's moet ons seuns so grootmaak dat hulle weet iemand se dogter verdien die beste behandeling.

**Jou sterkste herinneringe aan die Bo-Kaap?**

⑪ Dat die buurvrou jou kan roep en 'n goeie pak slae gee as jy te hoog boomklim of bidtyd dit buite waag ... Sy het vir jou uitgekyk, soos 'n eie ma. Dit was eintlik fantasties, al het ek dit gehaat toe ek grootgeword het. Dit bestaan nie meer nie; mense is te bang, hulle wil nie inmeng nie. As elke buurvrou in die land dit vandag doen, sal ons nie meer kinderverkragters hê nie.

**Afrikaans lê jou na aan die hart, en tog versaak baie die 'taal van die onderdrukker'?**



⑫ Vir my loop taal en kultuur nou saam. Afrikaans is net misbruik deur die stelsel, en nou betaal die taal daarvoor. Ons mense moet onthou net hoeveel die Maleier-gemeenskap bygedra het tot Afrikaans. Ons taal is net so deel van wie ons is. Dis deel van ons geskiedenis; dis die taal waarin ons gespeel en geleef het. Dit kom sterk uit die slawegemeenskap waarmee ek my identifiseer. Dit gaan baie verder en dieper as apartheid. Ek sal met trots Afrikaans praat. My eie kinders gaan na 'n Engelse skool, maar hier op veertien, vyftien keer hulle terug na Afrikaans. Dis onmoontlik om in die gemeenskap te loop en dit nie te leer nie.